# LAERSKOOL MIKRO

***… waar kind nog kind kan wees …***

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579


11/2022

5 April 2022

Geagte Ouers

## 1. UIT DIE KANTOOR

Baie welkom aan almal na afloop van die vakansie. Ons is opgewonde oor die tweede kwartaal en vertrou dat ons Hemelse Vader ons sal lei om 'n verskil in elke kind se lewe te maak. In vanoggend se saalbyeenkoms het ons Aprilmaand se WAARDE nl. VERANTWOORDELIKHEID, aan die leerders bekend gestel. Ons sal hulle daaraan herinner en vra dat ouers ook die belangrikheid daarvan om verantwoordelik op te tree, met hul kinders sal bespreek.

Ons verwelkom vir juf. Anita Visser (6.2), na afloop van haar kraamverlof, terug. Al ons nuwe nasorgpersoneel sal ook vanaf vandag op hul pos wees. Ons nuwe nasorg open vandag amptelik en ons glo dat dit vir elke kind wat betrokke is, 'n positiewe ervaring sal wees.

**Ons het 'n aanpassing gemaak rakende die afhaal van ons nasorgleerders in die middae. Ouers wat hul kinders by die nasorg kom haal, kom asseblief deur die voetgangerhekkie voor die skool, regs van die die motorhek (Wag-'n-Bietjie), in. Beweeg dan onmiddellik regs, oor die parkeerarea tot by die kleiner hek, naaste aan die Gr R-hek. U maak dan van die volgende selnommer gebruik om vir Christel Whitebooi (Nasorghoof) in te lig dat u hier is om u kind te kom haal. U kind sal dan tot by die hekkie gebring word. (nommer: 061 818 2989). Enige verandering aan hierdie prosedure sal betyds met u gekommunikeer word. Dankie vir almal se begrip in dié verband.**

Vanaf Dinsdag, 19 April 2022, moet alle leerders volle wintersdrag aanhê. Tot dan het hulle 'n keuse tussen wintersdrag of somersdrag. Ons versoek net dat die klere nie gemeng word nie, sodat ons almal netjies vertoon.

## 2. INDIVIDUELE- EN KLASFOTO BESTELLINGS – GR. 2 tot 7

Die sperdatum vir bestellings is aangeskuif na 7 April 2022. Indien daar enige bestellings ná 7 April 2022 geplaas wil word, moet u direk met Melanie van Y-Africa per WhatsApp (082 045 7763) kontak maak.

## 3. LOOTJIEKOMPETISIE

### Wen 'n 4-ster vakansie na Mauritius vir 2 persone vir 7 dae!!!

Ons skop die kwartaal af met 'n lootjiekompetisie. Elke leerder ontvang vandag 'n lootjieboekie met 5 kaartjies @ R100 per kaartjie; dus R500 per boekie. **Die sluitingsdatum is Vrydag, 22 Julie 2022. Datum van trekking: 29 Julie 2022**

Betaling geskied d.m.v. kontant of kaart (kom betaal by die skool asb.). Daar is ongelukkig geen opsie om met Karri of EFT te betaal nie a.g.v. administratiewe uitdagings.

Dit is vir ons ook aangenaam om vir alle leerders wat 'n volle lootjieboekie verkoop, deel te maak van 'n gelukkige trekking.

**4. <u>MY SCHOOL ONDERSTEUNERS</u>: "<u>Let's SWIPE IT UP!</u>"**

**My School ondersteuners** staan 'n kans om hul deel van R200 000 KONTANT te wen deur slegs hul MySchoolMyVillageMyPlanet of gekoppelde Woolworths-kaarte by enige van die My School besigheidsvennote tydens April 2022 te gebruik! Die 10 skole met die hoogste persentasie groei in aantal "swipes", wen ook hul deel van R230 000.




- Die kompetisie is van 1 – 30 April 2022. Elke 'swipe'/swiep/gebruik van jou kaart tel as 'n inskrywing. Hoe meer jy jou kaart gebruik, hoe beter jou kans om te wen. Indien u nog nie 'n MySchool ondersteuner nie, sluit aan by https://www.myschool.co.za/portal/register
- Bestaande MySchool ondersteuners kan hul besonderhede nagaan of opdateer by https://www.myschool.co.za/portal/login
- (Kompetisie B's en V's is beskikbaar by https://www.myschool.co.za/blog/myschool-myvillage-myplanet-swipe-competition-terms-and-conditions-the-rules/).

Mag hierdie week vir u baie voorspoed inhou.

L.C. Mouton
**SKOOLHOOF**

INTERNET PROUDLY SPONSORED BY:
coolideas
FIBRE INTERNET
VUMA

# OWO – KLEREKAS

Die OWO-klerekas sal op die volgende datums en tye beskikbaar wees vir die aankoop van TWEEDEHANDSE SKOOLKLERE.

Dinsdag, 5 April 2022 vanaf 17:00 – 19:00

Skenkings kan ook asseblief op hierdie datums afgegee word.

MAAK ASB. VAN DIEDRIKKIESTRAAT-INGANG GEBRUIK.

Vir enige navrae kontak gerus vir Malanie Otto 084 359 4007



MIKRO O.W.O OUERS WAT OMGEE

***Kontant Terug Persentasies***

| | |
|---|---|
| Caltex Vulstasie | 10c per liter kontant terug |
| Kroonplaas Restaurant | 2% |
| Patriot Koffie | 5% |
| Caresso Karwas | 5% |
| OK Foods/Liquor | 1% |

ELTO TOWERS

**Tel: (021) 903 5101** : www.elto-towers.co.za

OK Foods OK Liquor
KROONPLAAS
PATRIOT COFFEE
CARESSO




CALTEX


Wiskunde ekstra klasse
Graad 3 – 7
Freda Brink: 064 751 9343
Verreweide Straat 26,Kuilsrivier


SH HOCKEY
HOCKEY SKILLS
AGES 5-13
FRIDAYS 15:15-17:30
8 APRIL - 23 SEPTEMBER
CURRO BRACKENFELL ASTRO
REGISTRATIONS ARE NOW OPEN FOR 2022!
THE SKILLHAUS HOCKEY ACADEMY
Need more information?
FOR LINKS TO REGISTRATION AND INFORMATION FORMS, VISIT OUR FACEBOOK PAGE @THE SKILLHAUS HOCKEY ACADEMY OR CONTACT:
Marcelle Verwey | 084 853 0462 | skillhoc@gmail.com


PRIVAAT TENNIS
Little Tennis Pro LTP Academy
Tennis…'n Sport vir die hele jaar!
HET U GEWEET DAT ONS PRIVAATTENNIS DOEN REGDEUR DIE JAAR?
INDIEN U KIND BY GEEN ANDER SPORT BETROKKE IS NIE, OF TENNIS AS 'N SPORT WIL PROBEER IS HIERDIE 'N GOEIE TYD OM HOM OF HAAR BY ONS IN TE SKRYF VIR TENNISAFRIGTING.
1) Stuur vir my 'n Epos of WhatsApp deur met u kontakbesonderhede.
2) Ek sal dan vir u die nodige inligting deurstuur m.b.t ons tariewe vir 2022, ensovoorts.
3) Hul 1ste lessie is GRATIS en die nodige toerusting word deur ons verskaf.
4) Die dra van maskers in die openbaar is nie meer verpligtend nie, maar daar sal wel sanitering van die hande voor en ná elke lessie plaasvind.
Kontak Ryno by 072 363 9977 of ryno@littletennispro.com vir meer inligting
www.littletennispro.com